LAERSKOOL PARK

Tel.: 044 – 691 1020/1 Faks: 044 – 691 2046 Posbus 96
E-Pos: parklaerskool@gmail.com MOSSELBAAI

Skoolhoof: Mnr. D.F. du Toit 6500

02 November 2020

Geagte Ouers

Baie welkom terug vir die laaste termyn van 2020. Die jaar tot dusver het ons lewens verander op wyses wat nege maande gelede ondenkbaar gelyk het. As 'n mens egter 'n bietjie dieper delf, is dit gou duidelik watter ongelyke impak die pandemie op verskillende sektore van die gemeenskap gehad het en die moontlikheid dat dit nog groter ongelykheid wêreldwyd kan veroorsaak as dit nie behoorlik bestuur word nie. Die inperking het ons genoop om baie aspekte van die daaglikse lewe wat ons nie voorheen bevraagteken het nie, uit 'n ander hoek te bekyk.

Dit is ‘n kort kwartaal en die feit dat leerders op alternatiewe dae skool bywoon, maak dit nog meer uitdagend om akademiese welslae te behaal. Ons sal behoorlik skouer aan die wiel moet sit en ‘n groot verantwoordelikheid rus op die leerders om hiervan ‘n sukses te maak.

Ek bring weer ‘n paar belangrike sake onder u aandag.

FINALE TOETSE 2020

Aangesien leerders op alternatiewe dae skool besoek, gaan hierdie kwartaal hoofsaaklik uit assessering bestaan. Die finale toetse begin reeds op 16 November 2020. Leerders skryf op die dae wat hul die skool besoek. U het alreeds die eksamenwerk ontvang en die finale toetsrooster gaan eersdaags aan u voorsien word.

Die uitdeel van rapporte gaan hierdie jaar om veiligheidsprotokol oor twee dae plaasvind, nl:

- Graad R en RR Maandag,14 Desember 2020
- Grondslagfase: Maandag,14 Desember 2020
- Senior fase Dinsdag,15 Desember 2020

ERKENNINGSDAE

Hierdie jaar gaan daar geen Erkenningsaande plaasvind vir Graad R tot Graad 6 nie. ‘n Spesiale Erkennings geleentheid word beplan vir die Graad 7-leerders op Maandag, 7 Desember 2020. Dit gaan ‘n oggendgeleentheid wees en slegs een ouer per gesin sal hierdie verrigtinge mag bywoon om aan die veiligheidsregulasies te voldoen. Meer besonderhede hieroor sal aan die Graad 7-ouers kommunikeer word.

VERKIESING VAN PREFEKTE 2021

Die prefekverkiesing soos dit aan ons bekend is, gaan nie in 2020 plaasvind nie. Dit sal onverantwoordelik wees om ‘n verkiesing toe te laat aangesien leerders agt maande gelede as groep gefunksioneer het. Die verkiesing gaan aan die einde van die eerste kwartaal in 2021 plaasvind waartydens die hoofleiers daarna aangekondig gaan word.

SPORTOEFENINGE

Die staatskoerant 43826 van 21 Oktober 2020 het ‘n verslapping van sportoefening toegelaat. Daar moet aan alle saniterings-, veiligheidsprotokol en regulasies voldoen word. Dit behels verder dat geen kontak mag plaasvind met kontaksport tydens oefeninge nie en geen toeskouers word toegelaat nie.

Aangesien die kwartaal slegs twee weke lank is voor die finale toetsreeks begin, het ons besluit om nie met sportoefeninge in die middag te begin nie. Die eerste twee weke is uiters noodsaaklik vir die akademie. Daar word voortgegaan met Liggaamsopvoeding en vaardigheidsontwikkeling in skooltyd soos dit tans hanteer was. Sodra die eksamen begin gaan daar sportoefeninge plaasvind in skooltyd. Leerders mag vanaf 16 November in LO-drag skoolbywoon van Maandag tot Donderdag. Elke Vrydag, ongeag op watter weeksiklus ons werk, moet leerders skooldrag aantrek. Ek glo en vertrou dat hierdie reëlings u ook sal pas.

ALGEMENE OUERAANDE – BEGROTING 2021

Op Donderdag, 5 November 2020 om 17:30 vind ons Algemene Begrotingsvergadering plaas vir die vasstelling van ons jaarlikse skoolfonds. Kom lewer u inset en verkry eerstehandse kennis in die werking van die skoolbegroting.

OPE-DAG

Op Saterdag, 7 November 2020 vind ons Ope-dag vir Graad RR, -R en -1 plaas. Alle inligting in verband met die Ope-dag word vandag aan ouers per epos gestuur. Ouers en leerders kry geleentheid om hul klasonderwyseres van 2021 te ontmoet. Om aan veiligheidsprotokol te voldoen vind dit volgens die indeling van vanne plaas.

- Groep 1: 07:30 – 09:00 (Vanne A – L)
- Groep 2: 09:30 – 11:00 (Vanne M – Z)

Vriendelike groete

SKOOLHOOF
DF du Toit